

Skriflesing: Open 1:9-20

Tema: Ek is die Here jou God.

Die gelowiges aan wie die boek Openbaring geskryf is, bevind hulle rondom 95 na Christus in Klein-Asië. Dit is 'n heidense wêreld. Hulle is tot die dood vervolg en verdruk. Ons lees in Openbaring 2 van Antipas wat doodgemaak is. Die heersers in die tyd is keiser Dometianus, wat homself here en god laat noem en die wrede keiser Nero, van wie ek seker niks meer hoef te sê nie. Die gelowiges is ekonomies en polities onderdruk, hulle kon nie handel dryf nie en het geen regte gehad nie. Hulle is uitgestoot uit die samelewing. Johannes is na die eiland Patmos verban omdat hy die evangelie verkondig het. Die Romeine het nie van hom en sy boodskap gehou nie. Gelowiges was ook in stryd met die Jode wat nie Christus as Verlosser aanvaar het nie.

Al hierdie swaar en onsekerheid het gemaak dat die gelowiges in Klein-Asië vrae gevra het soos: "Waar is die Here en is Hy nog in beheer? As Hy ons liefhet, waarom help Hy ons nie? Gee Hy om?" Dit is vrae waarmee ons ook maar worstel. Sommige van die gelowiges het begin verflou in hulle geloof.

Openbaring 1 stel die opgestane en verheerlikte Here in 'n sekere sin opnuut aan hulle en ons bekend. Die Here openbaar Hom en sy toekoms aan ons.

Ek weet nie hoe jou prentjie van Here lyk nie. Dalk is dit 'n krip, of die kruis of sy hemelvaart? Ons prentjies hou dikwels hier op. Ek wil jou uitnoui om nou, saam met Johannes voor die lewende Here te staan en opnuut te sien wie is die Here ons God, die Here aan wie ons behoort.

Johannes, deur die Gees meegevoer, sien die Here. Hy beskryf wat hy sien in 'n taal wat sy medegelowiges verstaan, sodat ook hulle die Here beter kan sien vir wie Hy is. Onthou Johannes gebruik simboliese taal. Dit is nie noodwendig presies hoe die Here lyk nie. Ek wil vir jou uitnoui om nou weer die Here te sien soos die Gees Hom aan Johannes bekendstel. Hoor en sien Hom vir wie Hy is en wees bly in die Here. Ek begin deur van bo na onder, van kop tot tone die beelde wat Johannes sien, te verklaar.

Die Here se hare is wit soos wol, soos sneeu.

Wit is 'n aanduiding van skoonheid en heiligheid. Dit is ook 'n aanduiding van volmaakte wysheid. Die Here is volmaak wys. Hy maak nie foute nie.

Sy oë het soos vuur gevlam.

Niks kan vir Hom wegsteek word nie. Hy sien alles. Alles lê oop en bloot voor Hom.

Sy stem is so hard soos 'n trompet, soos die gedruis van 'n groot watermassa in vloed.

Mensewoorde klink vaag en dof. Hy Hy voer die laaste en grootste woord.

'n Skerp swaard met twee snykante kom uit sy mond. Ons lees ook in Heb 4:12-13 hiervan. Sy Woord is lewendig en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante. Dit skei tussen goed en kwaad, lewe en dood en hemel en hel.

Hy het 'n lang kleed aan en 'n goue band om sy bors.

Hy het 'n lang kleed soos die van priester aan. Die priesters het offers gebring namens die volk. Hy het vir ons die volmaakte offer deur sy kruisdood en opstanding gebring.

Hy het 'n goue band, soos 'n koning, omsy bors. Hy is die Heerser oor die konings van die aarde. Die magtigste regeerders van hierdie wêreld, ook keisers Dometianus en Nero wat sy volk hier verdruk en vervolg, staan onder sy almag.

Hy het voete wat soos geelkoper in die smeltoond gloei.

Geelkoper is 'n simbool van krag en standvastigheid. Waar Hy staan, staan Hy onwankelbaar vas.

Sy voorkoms is soos die son.

Sy oorwinning en majesteit gee Hom die voorkoms van die son wat op sy helderste skyn. Om na Hom te kyk, is oorweldigend helder soos om na die son te kyk.

Hy is die Alfa en die Omega, die Eerste en Laaste.

Hy was voor die skepping al daar. Die verloop van die geskiedenis is nie opeengestapelde toevallighede nie. Dit is God se plan.

Hy wat was, is vandag by elkeen van ons.

En Hy hou die toekoms, ook my en jou toekoms, in sy hand. Dit is lekker om te weet dat ons nie hulpeloos op 'n troostelose en somber einde afstuur nie. Wanneer alles tot einde kom, en dit sal, sal Hy nog daar wees om te oordeel. Hy sal Hy ons as sy kinders kom haal om vir ewig by Hom te wees.

Hy is die Lewende, Hy was dood en Hy lewe tot in ewigheid.

Hy is die eerste wat uit die dood opgestaan het. Ook ons het saam met Hom uit ons sondedood opstaan na sy lewe in oorvloed. En eendag sal ons uit verganklikheid opstaan na sy ewige lewe.

Hy het die sleutels van die dood en die doderyk.

Die dood, waarvan ons so baie hoor in hierdie dae, is nie aan noodlot of toeval of bose magte oorgelaat nie. Die Here heers oor lewe en dood. Op sy volmaakte tyd sal Hy, nie Covid verwante siektes of wat ookal, ons as sy kinders kom haal om by Hom te wees.

Ons sê verkeerdelik dat die dood iemand kom haal het of dat ons 'n geliefde aan die dood afgestaan het. Dit is die Here wat sy kinders kom haal om by Hom te wees.

En Hy is nie net daar ver en groot en ontsagwekkend groot nie. Wanneer ons voor sy voete neerval in aanbidding vat hy met sy sterk regterhand ook aan ons en sê: "Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende." (Open 1:17)

Hy is by ons.

Johannes sien die Here tussen die sewe goue staanlampe. Die 7 goue lampe, is die 7 gemeentes aan wie Johannes moet skryf. Die 7 sterre in sy hand is die leraars of geestelike leiers van die 7 gemeentes.

Die Here is hier by en tussen ons, nie net wanneer dit goedgaan en dit maklik is om dit te glo nie, maar ook wanneer dit swaargaan soos met die gelowiges in Klein-Asie.

Ons is vir Hom kosbaar. Die gemeentes is goue lampe. Hy het ons ten duurste gekoop.

As sy goue lampe, moet ons sy lig van liefde, verlossing, vergifnis en diens in die donker van sonde en swarkry laat skyn. Nou meer as ooit is die tyd om onverskrokke getuies van Jesus Christus te wees.

Wanneer ons die Here sien vir wie Hy is, kom daar 'n groot stuk vrede en dankbaarheid oor ons as sy kinders. Hy is by ons. Hy vat weer met sy sterk regterhand aan ons en verseker ons: "Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende."

En ons bely, ook in moeilike tye soos hierdie, saam met skrywer van Ps 46:2-4:

²God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood.

³Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see,

⁴al druis en skuim die waters van die see, al skud die berge deur sy onstuimigheid.”

Amen